# Gereformeerde Kerk Pietersburg

# Die Basuin

**28 Januarie 2018**

**Predikant:**
**ds. P.R. Gouws/ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1630/296 1840**
**Sel: 072 437 7938/082 809 0222**
**gouwspr@gmail.com of**
**sarel.pventer@gmail.com**

**EREDIENSTE:**
**09:00 en 18:00**

## Tema 2018 – *REFORMEREND VORENTOE*

| | |
|---|---|
| **OGGEND EREDIENS** | **ds. Retief Gouws** |
| **Skriflesing** | **Psalm 100 [1-2]** |
| **Tema** | **Dien die HERE met blydskap** |
| | Psalm 100: 1 & 3 [494] |
| | Psalm 47: 1, 3 & 4 [240] |
| | Skrifberyming 12-3: 1 & 2 |
| | Psalm 19: 6 [82] |
| | Psalm 95: 1 & 4 [477] |
| | Psalm 34: 1, 2 & 3 [166] |

Voor ons begin om te kyk na wat ons moet doen om die Here in die praktyk van die lewe te dien, moet ons eers vra: "Hoe moet ons die Here dien? Met watter gesindheid?" Diens aan die Here is 'n saak van

1. blydskap en
2. belydenis.

Om die Here te dien bring blydskap. Ons moet dink aan Wie die Here is en wat Hy vir ons gedoen het, en daarin ons blydskap vind. En dan moet ons dit bely met die dankoffer van ons mond en ons hele lewe. Ons hele lewe moet getuig van sy goedheid en genade. Laat ons weer met blydskap die Here dien.

| | |
|---|---|
| **AAND EREDIENS** | **ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | **Fil. 4:4 - 7, Jesaja 40: 1 - 11** |
| **Tema** | **Het ons tyd om pessimisties te wees?** |
| | Psalm 66: 1, 7 |
| | Psalm 33: 8, 10 |
| | Psalm 20:1, 4, 5,6 |

Om die orrel:
Lied 422: 1, 2, 3
Lied 435: 1, 2
Psalm 130: 1, 2
Skrifberyming: 3-4: 1,2, 3, 4

Die oproep kom: Die uitkoms is hier. Die volk wat al so baie houe verduur het, wil eintlik nie veel daarmee te doen hê nie. Hulle is pessimisties. So skryf Paulus ook dat die uitkoms hier is: die wederkoms is naby. Dan moet ons hoor: Plaas jou vertroue op die regte plek. Ons raak so pessimisties en negatief dat ons net wil hoor wat mense verkondig. Ons hoor die Here, maar luister nie. Die Heilige Gees open juis ons ore om God te hoor: Ek is naby. Leef reformerend vorentoe. Begin met reformasie in jou eie lewe.

- **Katkisasie**

  Die katkisasie het reeds verlede week begin. Al die jongmense moet asseblief ***in die konsistorie bymekaar kom*** vir die opening. Ons sal vir diegene wat nog nie weet wie hul kategeet is nie mooi wys. Ons tyd is baie beperk, so ons vra dat julle asseblief vinnig sal maak sodat ons kan begin met die lessies.

  Al die ***hoërskool*** katkisante moet onthou van ons ekstra (verpligte) katkisasieles na afloop van die eerste katkisasiesessie. Ons kom voor in die kerk bymekaar. Indien jy nie daar kan wees nie, maak asseblief verskoning by ds Retief.

- **Gebeurtenisse hierdie week:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **28 Jan. 2018** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Spesiale fonds |
| 29 Jan. | **18:00** | Evangelisasiekommissievergadering | |
| 30 Jan. | **18:00** | Susters uitgebreide bestuurvergadering | |
| 01 Feb. | **18:00** | Bybelstudiekommissievergadering | |

- **Konsistoriediensbeurt 28/01/2018**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Diensbeurt:** | **B1 Ivydale** | **Katkisasie:** | Voorskool |
| **Ouderling:** | Jan Hoogendyk | **Diaken:** | Johan Coetzee |

- **Oog vir mekaar**
  - Johnny O'Reilly ontvang weer chemoterapie die week. 4 dae namekaar en dan 3 weke rus
  - André Bakker se bestraling duur voort.
  - Ons bid vir ons broers en hulle vrouens tydens die prosesse.
  - Albie Olivier se ma is Vrydag oorlede. Ons innige meegevoel, mag die Here julle dra deur die hartseertyd.

- **Evangelisasiekommissie**

  Onthou die Evangelisasiekommissie se vergadering, Maandag om 18:00 by André Bakker se huis

- **Silwerdoppers**

  Silwerdoppers moet Rigters 4 tot 8 lees vir die Bybelvasvrae.

- **Attestaat ontvang**

  Br. Dawid Petrus Johannes Snyman vanaf GK Pretoria Brooklyn.

- **Attestaat uit**

  Sr. Marelize de Beer na GK Kemptonpark-Noord.
  Br. Marthinus Wessel van der Walt na GK Krokodilrivier.

- **Opgeneem in Gereformeerde Kerk**

  Geen.

- **Vertrek sonder attestaat**

  Geen.

- **Nuwe lidmate**

  Geen.

- **Algemeen**

- **Sinode**

  Dankie vir al die voorbidding tydens die Sinode.  Ds. Retief sal tydens die afkondigings van die belangrikste besluite deurgee.  Indien daar enige vrae is oor die Sinode en die besluite wat daar geneem is, is u welkom om hom te kontak.

- **Uitnodigings**






**MANNE KAMP:**
**DV VRYDAG, 9 FEBRUARIE 2018**
**(GK PBG-NOORD) VAN 18:00**

Al die manne van 2 tot 100 word uitgenooi om vir die aand te kom kamp op die kerk se terrein.

Daar gaan lekker gebraai en gekuier word. Op die "program" is kampvuurstories en nog vele meer!

**DIE KAMP is net vir die MANNE! <u>GEEN</u> dames nie (Ma's, Oumas, Tannies, Niggies of Sussies)**.

Skryf jou naam om die lys wat op die kennisgewingbord is.
**Ons sien jou daar!**

**DAMESOGGEND:**
**DV SATERDAG, 10 FEBRUARIE 2018**
**(GK PBG-NOORD) OM 8:30**

Dit is nie net die manne wat lekker dinge gaan doen nie, Saterdagoggend is dit die "dames" – *jonk in jare en jonk van gees* se beurt.

'n Hele paar verrassings word beplan en ons gaan kuier soos net die "dames" kan.

Skryf jou naam om die lys wat op die kennisgewingbord is.

**Ons sien jou daar!**

- **<u>Ystertjies</u>**

Neem asseblief kennis, soos almal weet gee ons vir die Ystertjies by Suidskool elke week kos. Ons is 5 Groepe waar daar in elke groep 4 persone is. Elke groep kry eenkeer in 'n maand 'n beurt om kos te gee vir die kinders.

Ons kort asseblief nog mense wat ons kan help indien dit moontlik is.

Baie dankie
Cecelia Greyling

- **<u>Sustersaamtrek</u>**

Liewe Susters,
Hiermee nooi die susters van die Gereformeerde kerk Louis Trichardt u vriendelik uit na die 2018 Sustersaamtrek. Sien aangeheg u uitnodiging asook beskikbare verblyf. Neem asb. kennis dat ons saal slegs 200 persone kan akkommodeer. RSVP asb. voor of op 31 Januarie 2018 soos per uitnodiging:
Kontak persone: Hanlie Nagel – 072 3302927
Nanette Malan – 084 3044764/015 516 4007
Susters groete
Gereformeerde Susters Louis Trichardt







**Op die kennisgewingbord is 'n vorm, voltooi asb. indien u die saamtrek gaan bywoon.**

- **2018 Almanak**

  Alle lidmate wat die Almanak (boek) bestel het, kan dit kom afhaal by die kantoor. Koste beloop R80-00 per boek.

- **Susters**

- Teeskinkbeurte

  28 Januarie: Gerdien Kuijpers
  Alfrieda Lessing
  Estelle Snyman
  Amri van Aarde

  28 Januarie: Rioni Combrink
  Martie Maritz
  Annemarie Bakker
  Candace van der Walt

- **Beroepenuus**

  Die volgende broeders is beroepbaar gestel:

| | | |
|---|---|---|
| Proponent JAG Henning (Kosie) | 079 913 6466 | kosiehenning@gmail.com |
| Proponent JN Hibbert (Josef) | 074 172 7297 | josefhibbert@gmail.com |
| Proponent JPL v Jaarsveld (Vickus) | 074 932 1238 | vickvj1@gmail.com |
| Proponent Sang Eun Kim | 076 853 2171 | solaprochristo@hotmail.com |

**BEROEPE AANVAAR**

- Proponent DJ Maritz (Daniël) na Pretoria-Brooklyn as medeleraar.

- **Bybelstudie**

  Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Bendor Pastorie |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Flippie Hoogendyk (082 695 0799) | Sondag, 11:00 | Van huis tot huis |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:00 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Donderdag, 18:30 | Bendor Pastorie |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word.**

- **<u>Plasings in die Basuin</u>**

  Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Lynda Both kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur. **Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# Kalender

| ***Verjaardae*** | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/Doop** | **Sel/Tel no.** |
| So. – 28 Jan. | Frikkie Greyling | B | 082 442 4330 |
| Ma. – 29 Jan. | Ina Fouché * | B | 083 468 2130 |
| Di. – 30 Jan. | Bennie Bronkhorst | B | 082 808 7670 |
| Do. – 01 Feb. | Zian Roux | B | 015 296 1928 |
| Vr. – 02 Feb. | Fred Aldum | B | 082 854 3344 |
| Sa. – 03 Feb. | Rudolf Korff | B | 083 301 9044 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 29 Jan. 1972 | Fanus en Malie de Beer | 46 | 083 277 2510/082 442 2367 |
| 31 Jan. 1987 | Gavin en Lana Nel | 31 | 082 565 8441/083 794 4958 |
| 01 Feb. 1992 | Hendri en Daleen Korff | 26 | 083 602 0064/083 651 8601 |
| 03 Feb. 2007 | Christiaan en Lienkie Hoogendyk | 11 | 084 802 3323/083 703 5925 |

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Lynda Both<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>gkerkpburgsuid@telkomsa.net<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>**Tydelike koster:**<br>Cassie Carstens<br>081 354 3400 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br>Marisa Linde<br>083 408 2100<br>Renchia Grobbelaar<br>072 634 3442 | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg-Suid** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |